Publication: BEELD, Leefstyl - Kuns
Date: 2015-06-25
Page: 28

# Oorblyfsels van 'antimonument' nou in Vryheidspark uitgestal

**Rudolf Stehle**

*Remnants*, 'n uitstalling van oorblyfsels van die reuse-sybaniere wat verlede jaar deel was van Paul Emmanuel se installasiekunswerk *The Lost Men France*, open vandag om 18:30 by Vryheidspark in Pretoria.

*The Lost Men France*, bestaande uit vyf baniere van gedrukte sy wat elk 5 m x 5 m groot is, is deur die Franse regering gekies as 'n amptelike uitstalling ter herdenking van die Eerste Wêreldoorlog. Dit is verlede jaar opgerig neffens die Thiepval-monument – in die Somme-gebied van Pikardië in die noorde van Frankryk – en drie maande lank uitgestal.

Dié monument gedenk Franse, Britse en wit Suid-Afrikaanse soldate wat hul lewe tussen 1915 en 1918 op die omliggende slagvelde van die Somme verloor het.

Die installasie is deel van Emmanuel se gedenkprojek *The Lost Men*, 'n reeks plekspesifieke, tydelike buitelug-installasiewerke of "antimonumente" wat met die idee van nagedagtenis en monumente in gesprek tree.

Elkeen van die werke is op 'n ander slagveld opgerig.

*The Lost Men Grahamstown* is in 2004 op Monumentkop opgerig en *The Lost Men Mozambique* in 2007 op die Catembe-veerbootkaai in Maputo.

Dié werke verheerlik nie oorlog nie, maar verken houdings jeens manlikheid en stel die manlike liggaam voor as broos.

Op die baniere van *The Lost Men France* is afdrukke van foto's van verskillende dele van Emmanuel se liggaam waarop die name van soldate wat aan die westelike front gesneuwel het, afgedruk is, sonder verwysings na rang, nasionaliteit of etnisiteit.

In teenstelling met die Thiepval-monument bevat dié werk ook die name van Duitse en swart Suid-Afrikaanse soldate en sodoende bevraagteken Emmanuel hul uitsluiting van die monument.

As deel van die *Remnants*-uitstalling sal foto's van die kunstenaar se vorige antimonumente, die gipsafgietsels waarmee die afdrukke op Emmanuel se liggaam gemaak is, asook 'n kort fliek oor die produksieproses van *The Lost Men France* te sien wees.

Die *Remnants*-uitstalling, aangebied deur die Franse Instituut in Suid-Afrika, sal tot 31 Julie duur.





**Een van die gipsafgietsels (regs) wat Paul Emmanuel gebruik het om die name van gesneuwelde soldate op sy vel af te druk en die foto (onder) wat hy onmiddellik daarna geneem het en in sy installasiewerk The Lost Men France gebruik het.**